Kersfees, Heilig of Nie? – Elizabeth Jordaan. Desember 2022.

## 1. DIE GEBOORTE VAN JESUS

Die geboorte van Jesus Christus as ‘n mens-baba was die ingrypendste gebeurtenis op aarde sedert die skepping en sondeval. Die geboorte van ‘n Seun is reeds in Gen.3:15 voorspel. Jesaja 7:14 profeteer dat ‘n maagd swanger sal word met ‘n Seun wat Immanuel, God met ons, genoem sal word. Jesaja 9:5,6 profeteer van ‘n Kind wat gebore word, en van ‘n Seun wat die heerskappy gaan ontvang, wat Vredevors genoem gaan word, en wat op Dawid se troon sal sit. Daniel sien Hom in ‘n visioen as die Seun van ‘n mens wat die heerskappy van alle nasies by God self ontvang (Dan.7:13).

‘n Maagd word swanger en gee geboorte aan ‘n Seun. Die engel Gabriël sê dat Hy die Seun van die Allerhoogste is. Maria moet Hom Jesus noem. ‘n Ster verskyn aan wyse manne in die Ooste (Iran). Hulle onthou van die profesie van Bileam dat ‘n ster en ‘n septer uit Jakob se nageslag sal verskyn (Num.24:17). ‘n Keiserlike bevel veroorsaak dat Josef en Maria na Betlehem moet gaan. Jesus word daar gebore. ‘n Skare engele verskyn aan die skaapwagters en kondig die geboorte van die Messias aan. 40 dae na Jesus se geboorte gaan stel Josef en Maria Hom voor aan die Here in die tempel in Jerusalem. Daar openbaar die Heilige Gees Jesus as die Messias aan Simeon en Anna. Twee jaar later kom die wyse manne in Jerusalem aan en jaag koning Herodes die skrik op die lyf. Die owerpriesters verwys hulle na Betlehem. Die ster lei die wyse manne na die kindjie Jesus. Hulle aanbid Hom en gee Hom goud, wierook en mirre. ‘n Engel waarsku Josef en hy vlug met Maria en Jesus na Egipte. Herodes vermoor al die seuntjies van 2 jaar en jonger in Betlehem omgewing. Herodes sterf. ‘n Engel sê vir Josef hulle moet terugkeer na Israel. Hulle gaan bly in Nasaret.

Maria het niemand die omstandighede van Jesus se geboorte vertel nie. Dit was eers na die uitstorting van die Heilige Gees dat die dissipels die profetiese woorde van die Ou Testament verbind het met die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Jesus en haar getuienis gehoor het.

## 2. DIE KERK SE NUWE FEES

Meeste van die eerste volgelinge van Jesus was uit die Joodse geloof. Die dissipels was die eerstes wat geglo het dat Jesus die Seun van God is. Saam met hulle was daar nog ander gelowiges wat die opstanding beleef het. Dit was egter eers na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag wat die dissipels en ander gelowiges Jesus openlik as Messias erken en gepreek het (Hand.2:36).

Die Messiaanse Jode was gewoond aan die Joodse Feeste wat drie keer per jaar in Jerusalem gevier is. Die hoof element van die feeste was die offers wat gebring en geëet moes word. Jode moes hulle tiendes en eerste vrugte van al hulle vee en kleinvee, en hulle oeste Jerusalem toe neem, daar offer en eet. Meeste van die feeste het die gesamentlike feestelike maaltye gehad. Net Yom Kippur, die versoeningsdag, was ‘n vasdag. Die dissipels het saam met Jesus aan die feeste deelgeneem, veral die laaste fees, die Pasga, wat hulle saam met Hom in die bo-vertrek in Jerusalem gevier het.

Daardie aand het alles vir hulle verander. Na die ete, wat die paaslam ingesluit het, het Jesus brood geneem en gesê: Dit is My Liggaam, neem dit en eet dit tot My gedagtenis (Luk.22:19). Hy het ook ‘n beker met wyn geneem en gesê: Drink almal daaruit. Hierdie beker is die Nuwe Testament (Nuwe Verbond) in My bloed wat vir julle uitgestort word tot vergifnis van sonde (Luk.22:20; Matt.26:28).

Hierdie aksie en woorde van Jesus het ‘n nuwe tydperk aangekondig. Dit was die oorgang van die Ou Verbond en die ou manier van die feeste onderhou, na die Nuwe Verbond. Jesus het ‘n Nuwe Fees ingestel. Nie net was daar ‘n Nuwe Verbond nie, daar was ‘n voortrefliker Middelaar en Hoëpriester van ‘n Nuwe Verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb.7:22; 8:6). Daar was ‘n beter offer wat van beter dinge getuig (Heb.7:27; Heb.9:11-14; 24-28; Heb.10:5-14). Hierdie offer van Jesus het weggedoen met alle ander offers wat tydens die feeste en daagliks in die tempel geoffer is, die sonde is vergewe, en daar was geen ander offer vir sonde meer nodig nie (Heb.10:18).

Reeds in Handelinge 2:46 lees ons hoe die eerste kerk in Handelinge Jesus se instelling van die Nuwe Fees daagliks gevier het. Hierdie Nuwe Fees het nie ‘n naam gehad nie. Dit was bloot genoem die Breek van die Brood (Hand.2:46; Hand.2:7), die Beker van die Here (1Kor.11:27), die Here se Nagmaal (1Kor.11:20), die Gemeenskaplike Maaltyd (Hand.2:42,26; Hand.20:7; 1Kor.11:21), en die Tafel van die Here (1Kor.10:21). Jesus het gesê dat hulle dit so dikwels as moontlik moet eet (1Kor.11:25,26). Die eerste kerk in Handelinge het dit daagliks gedoen (Hand.2:46). Party byeenkomste was op die eerste dag van die week, Sondag (Hand.20:7). Die spesiale gesamentlike ete was nie bedoel net vir die Sabbat of vir spesifieke feeste slegs ‘n paar keer per jaar nie. Die gebruik van die Brood en Wyn het meestal gepaard gegaan met ‘n heerlike ete en dit was gefokus op die gemeenskap van die gelowiges met mekaar, met Jesus Christus, met die Heilige Gees en met God die Vader. Tydens hierdie byeenkomste het hulle saam gebid, gesing, lering gegee en mekaar bemoedig.

3. ‘n NUWE KULTUUR

Die fokus van die evangelie in die Boek van Handelinge was op die dood en opstanding van Jesus, Sy hemelvaart en sit aan die regterhand van die Vader, en die uitstorting van die Heilige Gees. Die evangelie oor Jesus as Messias was egter nie net vir die Jode bedoel nie. Baie vinnig het mense uit heiden nasies die boodskap gehoor dat God Sy Seun ook vir hulle sondes laat sterf het, en dit met blydskap aangeneem. Hier was iets groter aan die gang as die uitbreiding van die Jodedom. Toegewyde godsdienstige Jode was uiters ontsteld dat die Messiaanse Jode gemeenskap hou met Heidene en veral saam met hulle eet. Toe Heidene Jesus volgelinge word, wou die Messiaanse Jode hê dat die nuwe gelowiges uit die heiden nasies ook al die Joodse gebruike onderhou. Die Heilige Gees het egter anders besluit (Hand.15:28) en deur Sy leiding het daar ‘n groot verandering in die denkwyse oor kulturele tradisies gekom. Die Heidene moes uit hulle heidense kulturele agtergrond uitgered word en die aanbidding van hulle heidense gode laat staan. Die Messiaanse Jode moes ‘n oorgang maak uit die Ou Verbond wat YHVH met hulle as volk van Israel gehad het, na ‘n Nuwe Verbond, waar die volgelinge van Jesus nie meer aan hulle etnisiteit en kulturele agtergrond uitgeken was nie. Die Nuwe Verbond het onverdeelde trou aan Jesus as Here vereis, asook ‘n eenheid en broederskap tussen alle gelowiges uit sowel die heidense nasies en die Jode. Die broederskap was verhef was bo die Joodse etnisiteit en kultuur. Dit was moeilik vir albei groepe. Dit is vandag nog moeilik.

Die besluit om Jesus as hulle Messias te volg het die eerste gelowiges blootgestel aan vervolging, die verlies van inkomste, die diefstal van besittings, en lewensverlies. Dit alles was ‘n duur prys om te betaal. Baie gelowiges het nie daarvoor kans gesien nie. Maar daar was dié wat uitverkoop was aan Jesus Christus as hulle Here. Hulle het geglo dat Hy hulle Leidsman en Verlosser was, en dat die prys wat hulle moes betaal alles die moeite werd was om die belofte van die ewige lewe te verkry. Die vervolging was aanvanklik vanuit eie Joodse geledere, deur toegewyde, wetsgetroue

Jode wat geglo het dat hulle God 'n guns doen deur die nuwe Messiaanse sekte uit te roei. Paulus was een van die toegewyde Fariseërs wat so geglo het.

Paulus se bekering het nog 'n nuwe tydperk ingelei. Die Kerk het uitgebrei na Europa, Noord-Afrika, Syria, Asië (Turkye) en Assirië (Irak en Iran). Lukas vertel die verhaal van die Kerk in Europa (Griekeland, Rome en Turkye) in Handelinge. Paulus skryf briewe aan die Heiden Jesus volgelinge en moedig hulle aan om gelowig vas te hou aan hulle belydenis van Jesus as hulle Verlosser, tot die einde toe. Die einde, skryf Petrus, Jakobus, Johannes, Judas, en Paulus, is die wederkoms van Christus, en uiteindelik, 'n nuwe hemel en aarde vir almal wat die ewige lewe deelagtig geword het.

Daar was steeds baie Jode wat in Jesus geglo het, maar die fokus van Handelinge het verskuif na die bekering van mense uit die heidendom (Griekse, Romeinse, Egiptiese, en mense uit ander gelowe en kulture). Stadig het die vervolging van die Kerk verander. Nou was dit nie meer soseer Jode wat die Christene vervolg en gehaat het nie, maar die Heidene van hierdie nasies het Christene vervolg. En hoekom? Omdat die Christene van die eerste drie eeue geglo het dat hulle nie meer mag deelneem aan enige afgode diens nie. Hulle het nie meer van die offervleis in die afgodstempels geëet nie. Hulle het nie meer die tempel prostitute besoek nie. Hulle het nie meer afgodsbeeldjies gekoop en in hulle huise as altare neergesit nie. Hulle het geweier om die keiser te vereer as die verteenwoordiger van die Romeinse songod. Dit het die ekonomie van hierdie nasies geweldig beïnvloed. Heiden tempels en priesters het inkomste verloor. Die afgode het hulle aantrekkingskrag begin verloor. Die keiser het sy invloed op sy volgelinge verloor. Vir Christene was Jesus nou hulle Hoof. Hy was hulle Koning. Hulle het geweier om die knie te buig voor enige ander god of mens. Daarvoor moes hulle 'n duur prys betaal. Sommige is lewend verbrand, ander is uitmekaar geskeur op pynbanke, nog ander is tronkstraf opgelê. Baie is onthoof. Nog meer het in die arena's gesterf, opgevreet deur wilde diere of slagoffers van die wrede bloed-sport van daardie dae.

Ten spyte van al hierdie teenstand het die Kerk geweldig gegroei. Die Kerk se morele en etiese standaarde, hulle liefde vir mekaar, en hulle onverskrokke lojaliteit aan Jesus Christus, het tot gevolg gehad dat die Romeinse Ryk en die Romeinse heidense gode ryk teen die 3de eeu na Christus verbrokkel het.

4. DIE HEIDENE VIER NAGMAAL

Die Nagmaal Fees was so gewild onder Christene dat die Heidene agterkom het dat hier iets uitsonderlik aan die gang was. Christene is beskuldig dat hulle kannibale is, omdat hulle gesê het dat hulle die Liggaam van Jesus Christus eet en Sy bloed drink en dit was een van die redes vir vervolging.

Van Petrus se eerste preek op Pinksterdag tot Paulus se verkondiging van die evangelie en sy briewe aan die gemeentes, het die Apostels nuwe gelowiges geleer dat Jesus Christus die vervulling van die Ou Verbond en van al die beloftes van God was. Hy was die Lam van God. Sy bloed het versoening bewerk. Hy was die Nuwe Verbond se Hoëpriester. Daar was 'n nuwe tempel. Die Kerk was die tempel, nie 'n Kerk gebou nie, maar die liggame van Christene wat ledemate van Christus se Liggaam was. En dié Liggaam was die tempel van die Heilige Gees (1Kor.3:6, 6:19; 2Kor.6:16; Ef.2:21,22; 1Pet.2:5). Die Nuwe Verbond maaltyd was gevier as vervulling van die Pasga. Dit was gevier as 'n nuwe Eerste Vrugte fees, die Opstanding van Jesus Christus. Dit was ook gevier op Pinksterdag om die uitstorting van die Heilige Gees te gedenk. Selfs

die Sabbatsrus het ‘n nuwe betekenis gekry. Elke dag was Sabbat. Die Boek van Hebreërs noem dit VANDAG (Heb.4).

Die fokus van die Nuwe Verbond gelowiges, die volgelinge van Jesus, was op Jesus Christus. Enige samekoms was ‘n fees waarop die Nuwe Verbond ete geniet is. Elke byeenkoms was ‘n feestelike byeenkoms met lofprysing. Dit het hulle eenheid versterk. Dit het hulle broers en susters van mekaar gemaak, almal kinders van God. Daar was nie etniese onderskeid nie, geen Jood of Griek meer nie. Daar was nie klasse onderskeid nie, geen slaaf of vryman meer nie, selfs geen manlik of vroulik meer nie. Almal was een, almal was verenig met Christus.

## 5. HEMELVAART EN DIE MENSWORDING VAN JESUS

Daar was ‘n paar nuwe feeste wat die kerk begin vier het wat nie die vervulling van ‘n Joodse fees was nie. Die eerste van hierdie feeste was Hemelvaart. Die Hemelvaart van Jesus Christus, Sy sit aan die regterhand van die Vader, en die verwagting van Sy wederkoms, was ‘n geweldige fokus van die vroeë kerk. So ook was die herdenking van die Menswording van Jesus.

Die vroeë kerk het nie die geboorte van Jesus gevier nie, en ook nie Kersfees nie. Hulle het die Menswording van Jesus gevier. Die bevrugting van Maria deur die Heilige Gees. Niemand het geweet op watter dag Jesus gebore is nie, en niemand het daaraan gedink om ‘n geboortedag van Jesus te vier nie. Daar was nie baie gemaak van verjaardae in die Bybel nie. Die twee verjaardae wat wel in die Bybel genoem word het nie positiewe konnotasies gehad nie: Die verjaardag van koning Ahasveros in die Boek van Esther wat geëindig het met die onttroning van koningin Vasti en verjaardag van koning Herodes en het gelei tot die onthoofding van Johannes die Doper.

Die Menswording van Jesus was ‘n groot fokus. Jesus was die Woord wat vlees geword het (Joh.1:14). Hy was Emmanuel, God met ons (Matt.1:23, Jes.7:14). Hy was die Seun van God (Luk.3:22; Luk.1:32,35; Joh.3:18; Rom.1:4; Heb.1:4,6). Hy was die Seun van die Mens, ‘n afstammeling van Adam. Hy was die Seun van Dawid, met die reg om ‘n Troonopvolger te wees. Hy was ook die Saad van die Vrou (Gen.3:15). Hy was die Messias. Niemand het ook geweet presies wanneer die bevrugting van Jesus plaasgevind het nie. Die enigste aanduiding van ‘n tyd was dat die engel Gabriël die maagd Maria besoek het ongeveer ses maande nadat Sagaria in die tempel diens gedoen het, en dat Jesus in die jaar gebore is toe keiser Augustus ‘n bevel uitgevaardig het. Die bevrugting en geboorte van Jesus was op ‘n goddelike tyd genoem DIE VOLHEID VAN DIE TYD (Gal.4:4). Dit was op presies die regte tyd, die regte plek en die regte dag. Dis net dat die regte dag nooit in die vroeë kerk ter sprake gekom het nie. Selfs die geskiedskrywer Lukas, en die evangelie skrywers Matteus, Markus en Johannes, het nie die spesifieke dag aangeteken nie.

## 6. 25 DESEMBER EN KERSFEES

Teen die 2de eeu na Christus is die Menswording van Jesus in die lente van die noordelike halfrond, in Maart, net voor Paasfees gevier. ‘n Christen historikus van die 2de eeu na Christus, het bereken dat as die bevrugting van Jesus in Maart plaasgevind het (soos wat die Kerk dit gevier het), dan moes Sy geboorte in Desember gewees het. Hierdie siening was egter nie algemeen aanvaar in die Kerk van daardie eeue nie. In die 3de eeu na Christus, toe die Kerk op sy sterkste was, het die heidense Romeinse Ryk soos altyd die jaarlikse her-geboorte van die onoorwinlike songod (Sol Invictus) gevier, op die 25ste Desember. Dit was gevolg met ‘n fees genaamd Saturnalia, wat die terugkeer van langer dae na die koue winter gedenk het (winter solstice). Dit

was ook die geboortedag van ‘n Indo-Europese god, Mithras, die god van lig wat in Indië aanbid is en deur Romeinse soldate na Europa gebring is. Daar was geglo dat Mithras se geboorte langs ‘n heilige rivier was, onder ‘n heilige boom.

In die jaar 336 na Christus, het keiser Konstantyn die Christendom as die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk verklaar. Daar is gedink dat die Christendom ‘n meer aanvaarbare godsdiens vir die mense sou word, as hulle Jesus se geboorte sou vier op dieselfde datum as wat reeds ‘n Romeinse heilige dag op hulle kalender was, 25 Desember. So het Kersfees ontstaan.

Die herdenking van die geboorte van Jesus was nie ‘n lering van die Apostels en die vroeë kerk nie, en dit was dus nie ‘n besluit wat op die Bybel gegrond was nie. Dit was ook nie ‘n vervulling van ‘n Ou Verbond fees nie. Dit was eers teen die 9de eeu na Christus dat die viering van Kersfees (Christ-mass – die Rooms Katolieke en Ortodokse nagmaal) algemeen deur die Kerk aanvaar is en jaarliks deur Christene gevier is. Die eerste vieringe van Kersfees was ‘n diens in die Kerk met nagmaal, die sing van liedere oor Christus se geboorte en die lees van die evangelie van Lukas oor die gebeure voor, tydens en na die geboorte van Jesus.

7. DIE KERSBOOM

Waar kom die gebruik van ‘n Kersboom vandaan?

‘n Kersboom is ‘n boom wat versier is met liggies (oorspronklik kerse), en goud- en silwerkleurige ornamente. Daar is een Bybelse verwysing na so ‘n boom en dit het niks met Jesus se geboorte te doen nie, maar alles met die aanbidding van afgode wat wyd verspreid aanbid was in omtrent alle vroeë beskawings van die Midde-Ooste en wat ook populêr geword het in Israel in die tyd van die profeet Jeremia. Hierdie gebruik om bome te versier en afgode uit hout, klip en goud te maak, word spesifiek genoem in die Boek Jeremia, met die verskriklike waarskuwing dat dit YHVH, die God van Israel, die Koning van die nasies, woedend kwaad maak!

*Jeremiah 10:1-10 (Afrikaans NV) Luister wat die Here vir julle sê, Israeliete! [2] So sê die Here: Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie. Moenie bang wees vir die tekens aan die hemel nie, want dit is die heidennasies wat daarvoor bang is. [3] Hulle voorskrif om 'n god te kry, is sinloos: hulle kap 'n boom in die bos af, 'n ambagsman kerf dit uit met 'n beitel, [4] hy versier dit met silwer en goud, met hamer en spyker slaan hy dit vas dat dit nie omkantel nie. [5] Sulke gode kan net so min praat as 'n voëlverskrikker in 'n komkommerland; hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle het geen mag om goed of kwaad te doen nie. [6] Waar is iemand soos U, Here? U is groot, die mag van u Naam is groot. [7] Wie sou U nie dien nie, Koning van die nasies? Dit kom U toe. Onder al die wyse mense, onder al die konings van die nasies, is daar niemand soos U nie. [8] Hulle is almal gekke en dwase, want 'n stuk hout kan vir 'n mens niks leer nie. [9] Die silwerbeslag kom uit Tarsis, die goud uit Ufas. Dit is die werk van 'n ambagsman en 'n goudsmid, die afgode is geklee in pers en rooi wolstof, alles die werk van kunstenaars. [10] Maar die Here is die ware God: Hy is die lewende God, die Koning vir altyd; van sy toorn bewe die aarde, teen sy woede kan die nasies dit nie uithou nie.*

Die verering van die boom het sy oorsprong in die Tuin van Eden. Die Slang het vir Eva verlei om te glo dat die Skepper-God die kennis van goed en kwaad aspris van die mens weerhou, omdat hierdie kennis die mens net soos God sou maak, en as hulle daarvan sou eet, dan sou hulle oë oopgaan. Eva het na die vrugte van die Boom van die kennis van goed en kwaad gekyk en gesien dat dit mooi en begeerlik was, en sy wou graag daardie kennis hê. Sy en Adam het van die vrugte

geëet. Dit het presies die teenoorgestelde effek op hulle gehad as wat die Slang beloof het. Hulle oë het wel oopgegaan en hulle het gesien dat hulle naak was (Gen.3). Maar hulle geestelike oë is verblind en hulle het die kennis van God as Skepper verloor.

*Romeine 1:25 (Afrikaans NV) Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.*

*2 Korintiërs 4:4 (Afrikaans NV) Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.*

Die twee Bome wat genoem word in die Tuin van Eden pryk in al die afgodsdiens van Assirië en Babilonië. Mense het gesmag na die Boom van die Lewe maar hulle kon dit nie kry nie. God self het die mense uit die Tuin van Eden verban, en Hy het gerubs (lewende wesens) en 'n vlammende swaard by die ingang van Tuin van Eden gesit, juis sodat die mens dit nie regkry om van die Boom van die Lewe te eet terwyl hulle nog in 'n gevalle sondige toestand was nie.

*Genesis 3:22 (Afrikaans NV) Toe het die Here God gesê: "Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!"*

Die Boom van die Lewe word belowe aan gelowiges wat in Jesus Christus glo, en volhard in geloof tot die einde toe, en nie hul eerste liefde verlaat en weer terugval in hulle ou verkeerde heidense afgodsdiens nie (Op.2:7).

Waar kom ons moderne Kersboom vandaan?

Die gebruik om bome te vereer het na alle nasies versprei, ook na Europa. In bykans al die Europese volkere, van Swede tot in Rome, is bome vereer as heilig. Meeste heidense godsdiens rituele van Europa het in woude plaasgevind. In Duitsland was die eikeboom die heilige boom van Thor, die god van oorlog en donder. In Rome en Griekeland was die eik die heilige boom van Zeus en Jupiter. Een van die oorblyfsels van boom verering is die Mei-paal, waar 'n boom afgekap word, vervoer word na 'n dorpie, en dan word daar rondom die boom gedans en fees gevier. Bome is geassosieer met dood en hergeboorte.

In die heidense gelowe is geglo dat nie-bladwisselende bome spesiale krag het omdat hulle reg deur die jaar groen bly, veral in die winter. Boomtakke is afgesny en in huise gebring om op die kortste dag van winter (winter solstice, 21 of 22 Desember) die her-geboorte van die songod aan te kondig. In die winter het die songod het siek en swak geword, maar die groen bome het die belofte van die terugkeer van die son in die somer aangekondig. Die groen boomtakke in die huise het hoop gebring dat die songod binnekort sou terugkeer.

Die moderne versierde Kersboom het sy oorsprong in Duitsland. In die 16de eeu het Duitse Christene, boomtakke in hul huise ingebring, dit met ornamente versier en so die heidense gebruik om boomtakke in die huis te bring as 'n nuwe tradisie laat herleef. Daar is geen Bybelse rede hiervoor nie. Duitse immigrante het die Kersboom tradisie na Amerika ingevoer. Die Kerk in Amerika wou aanvanklik niks met hierdie heidense gebruik te doen hê nie. Oliver Cromwell, en ander Puriteine, het ernstig gepreek teen die heidense gebruik van versierde bome en sing van sekere Kersliedere. Hy het gesê dat hierdie tradisies die spot dryf met die erns van die geboorte

van Jesus. Die vier van Kersfees was selfs verbied totdat die Duitse immigrante die gesag van die Puriteine ondermyn het.

In die 19de eeu het hierdie tradisie na byna alle Westerse lande uitgebrei en vandag word dit as algemeen deur meeste Christene aanvaar as deel van Kersfees. DIE KERSBOOM HET GEEN BETREKKING HET OP ENIGIETS RONDOM JESUS SE GEBOORTE, SY LEWE, STERWE OF OPSTANDING NIE, EN WORD NÊRENS DEUR DIE APOSTELS EN PROFETE IN DIE BYBEL AS TOELAATBAAR AANGEDUI NIE. Die hartseer waarheid is dat die kerk die verspreider is van die onbybelse tradisie van Kersfees op 25 Desember en die Kersboom. Die Kersboom word kommersieel bemark en deur ongelowiges gebruik om Kersdag te vier, sonder dat Jesus Christus ooit deur hulle geken of genoem word. Wat eintlik gebeur is dat die blink liggies van die Kersboom die verstand van die wêreld verblind sodat hulle nie die ware evangelie van Jesus Christus kan raaksien nie.

8. KERSVADER / SINTERKLAAS

Die moderne Santa Claus (die vet ou man met die baard en rooi klere aan) is sprokies karakter van ‘n persoon wat by die Noordpool woon en op ou-Kersaand met sy slee en takbokke deur die lug vlieg en geskenke uitdeel. Dit is ‘n vermenging van die oorlewering van St Nikolaas, die Nederlandse karakter van Sinterklaas en die Engelse karakter van Kersvader.

*St Nikolaas van Myra*: Daar was ‘n biskop van Myra in die 4de eeu na Christus wat bekend was as Nikolaas die Wonderwerker, as gevolg van die baie wonderwerke wat gebeur het in antwoord op sy gebede. Hy was ook bekend vir sy gewoonte om in die geheim geskenke uit te deel. Daar is nie veel bekend oor sy verdere lewe nie behalwe stories wat nie gestaaf kan word nie.

*Sinterklaas*: Die sprokies karakter van St Nikolaas (Sinterklaas) van Nederland het egter min of geen betrekking op die ware persoon van St Nikolaas nie. Op St Nikolaas Dag (6 Desember) sit kinders ‘n skoen of ‘n kussingsloop op hul vensterbank, met die hoop dat St Nikolaas vir hulle ‘n geskenkie daarin sal sit. Dit is nou as hulle gehoorsame en voorbeeldige kinders was. As hulle stout was dan kry hulle net ‘n takkie of ‘n stukkie steenkool. In Nederland sit kinders hooi en ‘n wortel in hulle skoen vir Sinterklaas se perd. In Oostenryk word Sinterklaas vergesel van twee assistente: ‘n goeie engel wat geskenke uitdeel aan gehoorsame kinders en ‘n duiwel wat stout kinders straf.

*Vader Kersfees of Kersvader* het ‘n soortgelyke ontwikkeling in Engeland gehad in die 17de eeu. Hy was ‘n groot man in groen of rooi klere wat met pels uitgevoer was. Hy het vrolikheid tydens Kersfees gebring. Dit was weereens die Puriteine (Christene wat in opstand was teen die Roomse Pousdom) wat weerstand gebied het teen die heidense tradisies tydens Kersfees. Die ondersteuners van koning Charles I van Engeland, het die karakter van Ou Vader Kersfees teruggebring omdat die land vrolikheid gekort het na die burgeroorloë van 1649 – 1660. Kersvader het oorspronklik niks met kinders of geskenke te doen gehad nie, maar eerder met die feesvieringe van volwassenes.

Die moderne Santa Claus is ‘n sprokie gebaseer op heidense mitologie en die vermenging met St Nikolaas, Sinterklaas en Kersvader. Die skoorsteen klimmery kom uit die heidense Noorse mitologie waar die god Wodan (Odin) deur die skoorsteen klim. In ander lande is dit feetjies of elwe wat op hierdie manier in die huise kom, en as bonatuurlike helpers van Santa Claus dien.

Daar is niks omtrent Kersvader, Sinterklaas of St Nikolaas wat betrekking het op Jesus Christus nie, behalwe iets wat eintlik baie negatief is en eerder wys op afgodsdiens en spottery. Kyk weer na hierdie skrif uit Jeremia wat praat oor die aanbidding van die afgekapte boom en die afgode:

*Jeremia 10:9 (Afrikaans NV) Die silwerbeslag kom uit Tarsis, die goud uit Ufas. Dit is die werk van 'n ambagsman en 'n goudsmid, DIE AFGODE IS GEKLEE IN PERS EN ROOI WOLSTOF, alles die werk van kunstenaars.*

Wie het nog ‘n purper kleed gekry? Die Romeinse soldate het die spot gedryf met Jesus as die Koning van die Jode, vir Hom ‘n pers kleed omgehang en ‘n doringkroon op Sy kop gesit.

*Matteus 27:28-31 (Afrikaans NV) Hulle trek toe sy klere uit en gooi Hom 'n pers mantel om. [29] Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" [30] Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan. [31] Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.*

*Johannes 19:2-5 (Afrikaans NV) Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek [3] en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap. [4] Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: "Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie." [5] Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: "Dit is die mens!"*

Kersvader is ‘n valse vader. Onse God en hemelse Vader het Jesus vir ons as Verlosser gegee, om met Sy bloed ons uit die hand van Satan en van elke vloek vry te koop, om ons met Hom as Vader te versoen, om ons sonde te vergewe, ons te onthef van ons sondeskuld, ons te heilig, as Sy kinders aan te neem, en ons Christus gelykvormig wil maak.

9. WAT NOU GEMAAK MET KERSFEES?

Kersfees is op elke land se kalender. Ons kan dit baie vrugbaar gebruik om Jesus aan mense te verkondig. Kersfees gee ideale geleenthede om te praat oor Jesus, waarom Hy gebore is (al weet ons dat Hy nie op 25 Desember gebore is nie), waarom Hy mens geword het, waarom Hy gekruisig is en gesterf het, en veral dat Hy opgestaan het uit die dood, aan die regterhand van God sit, en dat Hy wag om weer terug te keer aarde toe.

*Here Jesus ons vereer U in ons harte. U is heilig en ons wil ons harte ook heilig sodat U in ons kan woon. 1 Petrus 3:15 (Afrikaans OV) Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees.*

*Here Jesus ons vra vergifnis dat ons deelgeneem het aan heidense gebruike en dit in ons huise toegelaat het.* Reinig ons met U bloed. Ons wy onsself weereens aan U toe. Maak ons ware getuies van U verlossingswerk. Help ons om in hierdie tyd wat die hele wêreld Kersfees vier, oor U te praat, en U Lig te versprei oral waar ons gaan.

*Here Jesus, U is die Lig vir die wêreld. Ons bid dat mense wat in duisternis is, die Lig van die evangelie sal sien. Skyn U lig helder deur ons.*

10. GOD IS LIEF VIR MENSE

Die oorheersende gees van Kersfees is een van vrolike lighartigheid. Die waarheid is dat Kersfees die tyd van die jaar is wanneer meeste selfmoorde plaasvind. Die oppervlakkige lighartigheid van 'n wêreldse Kersfees verskans die diep seer in die harte van mense, en 'n verlange daarna dat iemand hulle waarlik sal liefhê. God het mense lief. God wil hê dat ons mense sal liefhê. God wil jou gebruik om Sy liefde aan mense te bewys. God sal Sy liefde in jou hart uitstort, nie net om vir jouself te sê dat Hy jou lief het nie, maar sodat jy ook ander mense kan liefhê en so jou liefde vir God bewys. Vra die Here hoe kan jy hierdie Kersfees vir mense liefhê? Wees lief vir iemand vir wie jy nog nooit lief was nie. Mense smag na aanraking. Raak aan mense, en as jy kan, gee hulle 'n drukkie. Jy sal verbaas wees hoe maklik dit is om God se liefde so oor te dra. *Vertel vir mense dat God hulle lief het, so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat hulle nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kan hê.*

11. DEK DIE HERE SE TAFEL

*Ons moet die TAFEL VAN DIE HERE wyd dek.* Daar is niks fout om 'n feesmaal te hou saam met familie en vriende nie. Daar is egter soveel eensame mense tydens Kersfees. Weduwees, ouer mense, verstote mense, ongelowige mense, bedelaars, mense wat seer het, mense wat treur oor geliefdes wat dood is. DEK DIE HERE SE TAFEL by jou huis, in jou gemeenskap, in jou dorp, by jou kerk, en nooi mense om saam met jou en jou gesin 'n feesmaal te kom hou.

- Vertel vir mense dat die Here hulle na 'n BRUILOF MAALTYD uitnooi. Gebruik die gelykenis wat Jesus vertel het (Matt.22:10-14; Luk.14:12-24). Nooi hulle vir jou Kersete.
- Vertel vir mense dat hulle die deur van hulle harte vir Jesus moet oopmaak sodat Hy met hulle 'n maaltyd kan hou (Open.3:10).
- Vier die Nuwe Verbond Fees, die nagmaal ete, gereeld saam met ander gelowiges.

*Lukas 14:13-14 (Afrikaans OV) Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, [14] en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.*

*Openbaring 19:7-9 (Afrikaans OV) Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. [8] En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. [9] Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.*

God se uitspraak toe Sy Seun gebore is: *Lukas 2:9-14 (Afrikaans OV) En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. [10] En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n GOEIE TYDING VAN GROOT BLYDSKAP wat vir die hele volk sal wees, [11] dat VIR JULLE VANDAG IN DIE STAD VAN DAWID GEBORE IS DIE SALIGMAKER WAT CHRISTUS, DIE HERE, is. [12] En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê. [13] En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: [14] Eer aan God in die hoogste hemele en VREDE OP AARDE, IN DIE MENSE 'N WELBEHAE!*